

# HOE HERWIN EK

Kry drie herwinnings houers - vir:

1. **Organiese materiaal**(skille ens.) wat jy op komposhoop gooi.
2. **Herwinbare items.** Blik, glas, papier en plastiek.
3. **Nie-herwinbare artiekels.** Word uitgesit vir verwydering deur stadsraad.

Herwinbare items bring jy Woensdae voor 10uur kerk toe, waar Penny se herwinningsdienste dit kom oplaai.

Jy sal sommer 'n leë 50kg kunsmis sak kry wat jy dan weer kan gebruik en vul.

## Siedaar, jy herwin!!!

Wit kantoorpapier, tydskrifte / koerante kan ook saam met die plastiek, blik en glas uitgesit word. **Maar ons vra dat ons gemeentelede alle wit kantoorpapier, tydskrifte en koerante op Sondag sal saambring kerk toe en dit in die houers voor die kerk plaas.**

Die volgende artikels word geensins herwin nie:

Geen papier om lekkergoed

Geen papier om gekoopte koekies

Geen politireen

Geen tuinvullis of afvalkos nie en

Geen chips pakkies

Geen babadoeke

Geen toiletpapier

Geen foelie nie.